# DIE KULTURELE KONTEKS VAN VYF SUID-AFRIKAANS-GEBORE STUDENTE AAN DIE *DR. HOCH'SCHES CONSERVATORIUM* IN FRANKFURT, 1878-1918

**Heinrich van der Mescht**
*Departement Musiek, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002*

**The cultural context of five South African born students at the *Dr. Hoch'sches Conservatorium* in Frankfurt, 1878-1918**

The article aims to determine the cultural context in which students studied at the *Dr. Hoch'sches Conservatorium* in Frankfurt am Main, a typical German music school, and to see whether there were South African born students who might have benefited from the stimulating milieu during the first forty years between 1878 and 1918. Important sources on the Conservatory (for example the annual Conservatory reports) and on culture in Frankfurt during the period under investigation can be found in the archives of the Johann Wolfgang Goethe University and in the *Institut für Stadtgeschichte* (Institute for City History). The Conservatory's big drawing-card was the famous pianist Clara Schumann (1819-1896) who taught there between 1878 and 1891. The students referred to are Hetti Goldschmidt (born in Cape Town, studied in 1888-1889, or only 1889), Cäcilie Manikus (Cape Town, 1899-1901), Lydia van Raalte (Bethlehem, 1904-1905), Frank Struben (Cape Town, 1907-1909) and Helmuth Rolfes (Kimberley, 1908-1909).

**Key words:** cultural context**,** *Dr. Hoch'sches Conservatorium*, Frankfurt am Main, Hetti Goldschmidt, Cäcilie Manikus, the concept of "place", Helmuth Rolfes, Clara Schumann, South African music students, Frank Struben, Lydia van Raalte

Dit was die doel van die artikel om die kulturele konteks te bepaal waarbinne studente aan die *Dr. Hoch'sches Conservatorium* in Frankfurt am Main, 'n tipiese Duitse musiekskool, studeer het, en om dan ook vas te stel of daar Suid-Afrikaansgebore studente was wat in die eerste veertig jaar tussen 1878 en 1918 die voordele van die stimulerende milieu geniet het. Belangrike bronne oor die Konservatorium (byvoorbeeld die Konservatoriumjaarboeke) en oor die kultuurlewe in Frankfurt gedurende die tydperk onder bespreking, kan in die argief van die Johann Wolfgang Goethe-Universiteit en in die *Institut für Stadtgeschichte* (Instituut vir stadgeskiedenis)

geraadpleeg word. Die groot trekpleister van die Konservatorium was die beroemde pianis Clara Schumann (1819-1896) wat tussen 1878 en 1891 daar les gegee het. Die Suid-Afrikaansgebore studente waarna verwys word, is Hetti Goldschmidt (gebore in Kaapstad, studeer 1888-1889, of moontlik slegs 1889), Cäcilie Manikus (Kaapstad, 1899-1901), Lydia van Raalte (Bethlehem, 1904-1905), Frank Struben (Kaapstad, 1907-1909) en Helmuth Rolfes (Kimberley, 1908-1909).

**Sleutelwoorde:** *Dr. Hoch'sches Conservatorium*, Frankfurt am Main, Hetti Goldschmidt, kulturele konteks, Cäcilie Manikus, die begrip "plek", Helmuth Rolfes, Clara Schumann, Frank Struben, Suid-Afrikaanse musiekstudente, Lydia van Raalte

## Inleiding

In die Duitssprekende lande het musiekskole wat gevorderde onderrig verskaf het, eers in die 19de eeu ontstaan. Belangrike opleidingsinstansies was die sangskool in Wene (1817); die Mozarteum in Salzburg (1841); die Konservatorium in Leipzig (deur Mendelssohn in 1843 gestig); die Konservatorium in Keulen (1845); die Musiekskool in München (1846); die Stern-Konservatorium (*Stern'sches Conservatorium*) in Berlyn (1850); die musiekskole in Strassburg (1855), in Dresden (1856), in Stuttgart (1857), in Bern (1858) en in Basel (1866); die *Hochschule für Musik* in Berlyn (1869); en die musiekskole in Weimar (1872), in Hamburg (1873) en in Zürich (1876).[1] In 1878 is die *Dr. Hoch'sches Conservatorium* in Frankfurt gestig.

Voor 1905 moes talentvolle Suid-Afrikaners hulle na Europa wend vir gevorderde musiekstudie. Die Suid-Afrikaanse Konservatorium vir Musiek op Stellenbosch (tans die Departement Musiek van die Universiteit van Stellenbosch) het in 1905 uit die samevoeging van verskeie kleiner musiekskole ontstaan.[2] Voorbeelde is die Greylock Music Academy (gelei deur Friedrich Wilhelm Jannasch wat in Stockholm, Breslau en Berlyn musiek studeer het),[3] en die Villieria-Musiekskool, waarin Justina Wilhelmina (Nancy) de Villiers wat aan die Stern-Konservatorium in Berlyn studeer het, 'n groot rol gespeel het.[4] Hans Endler, 'n student van die Konservatorium in

---

1 P. Cahn, Conservatories, III 1790-1945, 3 Germany and central Europe, *in* S. Sadie (red.), *The New Grove Dictionary of Music and Musicians* 6, tweede uitgawe (Londen, 2001), pp. 316-317.

2 B. van Blerk, Die aanloop, *in* I.J. Grové (red.), *Konservatorium 1905-2005* (Stellenbosch, 2005), pp. 3-7.

3 R. Ottermann, F.W. Jannasch, *in* I.J. Grové (red.), *Konservatorium 1905-2005* (2005), p. 9.

4 Kyk H. van der Mescht, Some South African connections among students at the *Stern'sches Conservatorium der Musik* in Berlin, 1850-1914, *South African Journal of Cultural History* 22(1), 2008, pp. 143-146.

Wene, het ook ’n belangrike bydrae tot die nuwe Konservatorium gelewer.[5] Die South African College of Music (tans die Musiekskool van die Universiteit van Kaapstad) is in 1910 in Kaapstad gestig met Apolline Niay-Darrol as eerste hoof. Sy het aan die Royal College of Music in Londen studeer.[6] Dit is duidelik dat die inspirasie agter die stigting van hierdie eerste twee gevorderde inrigtings gekom het van persone wat in Europa studeer het. ’n Mens kan verwag dat die dosente wat in Europa studeer het, hulle studente sou aanmoedig om ook in Europa te gaan studeer waar nuwe studente se kulturele insig soveel meer uitgebrei kon word. Hopelik sou hierdie studente dan na Suid-Afrika terugkeer (soos Jannasch en Nancy de Villiers) en so hulle ervaring met Suid-Afrikaanse studente sou deel.

Navorsingsvrae wat ontstaan, is onder meer die volgende: Wat was die omstandighede waaronder studente aan ’n tipiese Duitse musiekskool soos die *Hoch’sches Conservatorium* in Frankfurt am Main studeer het? Wat was die tradisies en die faktore wat ingewerk het op die studente aan die *Conservatorium*? Wie was die musici wat aan die instansie onderrig het en so direk of indirek ’n invloed op die studente kon gehad het? Wie was die medestudente wat as suksesvolle modelle kon dien? Kortom, wat was die kulturele milieu, die konteks waarin hulle studeer het? Was daar ook Suid-Afrikaansgebore studente wat aan die *Hoch’sches Conservatorium* hulle studie bedryf het, en hoe kan inligting oor hierdie persone gevind word in die lig daarvan dat soveel navorsingsmateriaal tydens die Tweede Wêreldoorlog in Frankfurt verlore gegaan het? In dié artikel word gepoog om hierdie vrae te beantwoord.[7]

## Die konsepte “konteks” en “plek”

Sedert die opkoms van die sogenaamde “Nuwe musiekwetenskap” teen ongeveer 1985 het die bespreking van die “konteks” (van byvoorbeeld ’n komponis en sy komposisies) al hoe meer veld gewen teenoor die meer positivistiese konsentrasie op die ontleding van ’n “teks” (byvoorbeeld ’n spesifieke musiekkomposisie). In die postmoderne musiekwetenskap word op ’n verskeidenheid moontlikhede en perspektiewe gekonsentreer, eerder as op een oorheersende “waarheid” – waarskynlikhede speel ’n groot rol. Hierdie waarskynlikhede word bepaal deur ’n ontleding van die konteks waarin die kulturele produk ontstaan en die skeppers daarvan geleef het.

---

5 Oor Endler se studie in Wene, kyk H. van der Mescht, Hans Endler se studie aan die *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* in Wenen, 1892-1897, *Historia* 47(1), 2002, pp. 363-375.

6 L. Morison, Niay-Darrol, Apolline, *in* J.P. Malan (red.), *South African Music Encyclopedia* 1 (Kaapstad, 1979), pp. 299-300. (Mev. Morison was Niay-Darrol se dogter.)

7 Die outeur bedank die *Deutscher Akademischer Austauschdienst* (DAAD) vir die toekenning van ’n navorsingsbeurs. Vertalings uit die Duits en Frans is deur die outeur van die artikel.

Beard en Gloag bespreek in hulle boek oor die sleutelkonsepte in musiekwetenskap die begrip “place” (plek) en dui die belangrikheid aan van die plek waarin kulturele gebeure plaasvind.[8] Hulle verwys na Charles Keil se studie oor die blues in Chicago (1966), C.E. Schorske se boek oor *fin-de-siècle* Wene (1981), Sara Cohen se werk oor rock-kultuur in Liverpool (1991), Barry Shank se boek oor die populêre musiektoneel in Austin, Texas (1994) en Tia DeNora se studie van die konstruksie van die beeld van Beethoven as genie in Wene (1997). Dit gaan hier oor die invloed wat die plek op die inwoners van die plek het en hoe hierdie invloede kultureel tot uitdrukking kom. Die artikel wil dus die spesifieke kulturele konteks belig waarin Suid-Afrikaanse studente aan ’n tipiese musiekskool in Duitsland studeer het. Hierdie konteks sal bepalend wees vir die bydrae wat hulle later in hulle lewe sou kon lewer.

**Navorsingsmetode en belangrike bronne**

Die navorsing vir dié artikel is uitgevoer deur die bronne wat hieronder bespreek word in die argief van die Johann Wolfgang Goethe-Universiteit en in die *Institut für Stadtgeschichte* (Instituut vir stadgeskiedenis) in Frankfurt am Main na te gaan. Daarby het die outeur verdere bronne in die *Jüdisches Museum Frankfurt* en oor die Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis geraadpleeg.

Van die einde van die eerste jaar van sy bestaan (1879) het die *Hoch’sches Conservatorium* elke jaar ’n jaarverslag (*Jahresbericht*) gepubliseer. Die argief van die Johann Wolfgang Goethe-Universiteit en die argief van die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt beskik gesamentlik oor al die *Jahresberichte* van 1878/1879 tot 1917/1918 wat op hierdie artikel van toepassing is. Hieruit kon baie inligting verkry word. Die verslae bevat gewoonlik die volgende:

- ’n kort geskiedkundige inleiding oor die gebeure van die spesifieke jaar;
- ’n lys van die dosente;
- ’n lys van die studente: hulle van en naam, die getal semesters wat hulle voltooi het, die *Heimath/Heimat*, hoofvak, en onderwyser(s);
- ’n lys openbare (later nie meer noodwendig in die openbaar nie) studentekonserte, met hulle programme;
- ’n lys van die programme van ander konserte, byvoorbeeld huldigingskonserte;
- ’n lys van die werk(e) wat studente vir hulle eksamens in die openbaar voorgedra het; en
- aankondigings oor nuwe leerkragte en toevoegings tot die kurrikulum.

8 D. Beard & K. Gloag, *Musicology: The key concepts* (Londen, 2005), pp. 131-133.

Die gepubliseerde Konservatoriumjaarverslae (*Jahresberichte*) verskaf in die studentelyste ’n pleknaam onder die opskrif *Heimath* (*Heimat*) vir elke student. Dit wil voorkom of dit hier slegs oor die geboorteplek van die studente gegaan het en nie oor waarvandaan hulle gekom het om hulle studie aan te pak nie. Die definisie wat in dié artikel ter sprake is, is dus eerder vir die begrip “Suid-Afrikaansgebore student.” Vir die doeleindes van die artikel is die gegewens oor die *Heimat(h)* aanvaar. Dus: as ’n Suid-Afrikaanse plek as *Heimat/Heimath* aangedui word, geld die student as ’n “Suid-Afrikaansgebore student”.

Hoewel die Konservatorium se jaarlikse verslae berig dat geen studente van “Afrika” voor 1889 ingeskryf was nie, is nogtans al veertig uitgawes se studentelyste nagegaan, ingeval ’n fout by die plekke van oorsprong ingesluip het. Voorheen is op foute afgekom, soos dat die pleknaam “Durban” verkeerdelik as “Durham” aangegee is, en dat die student dus nie as ’n Suid-Afrikaner geïdentifiseer is nie. Die pleknaam “Heidelberg” mag per abuis as die Duitse stad geëien word, in plaas van as ’n Suid-Afrikaanse dorp. In so ’n geval sou die studente ook nie in die jaarverslag as Suid-Afrikaans gereken word nie. Die naspoor van Suid-Afrikaanse studente is dus nie so eenvoudig soos wat dit op die oog af mag lyk nie.

Weens die verwoesting tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is geen persoonlike inligting oor individuele studente (byvoorbeeld rapporte) beskikbaar nie.[9] Op geen wyse kan afgelei word wanneer die student gebore is nie. Ongelukkig het die persoonlike dokumente oor die dosente van die Konservatorium ook tydens die Tweede Wêreldoorlog verlore gegaan.

In 1903 publiseer die Konservatorium ’n verslag oor die eerste 25 jaar se ontwikkeling.[10] Ná ’n oorsig oor die geskiedenis van die Konservatorium, volg die volgende lyste:

- die dosente tussen 1878 en 1903;
- ’n alfabetiese lys per akademiese jaar van al die studente met ’n studentenommer vir elkeen bygevoeg; en
- die studentegetalle per jaar.[11]

Die geskiedenis van die *Dr. Hoch’sches Conservatorium* in Frankfurt is omvangryk bespreek in die standaardwerk van Peter Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium in*

9 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium in Frankfurt am Main (1878-1978)* (Frankfurt, 1979), p. 2.

10 H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium zu Frankfurt am Main: Festschrift zur Feier seines fünfundzwanzigjährigen Bestehens (1878-1903)* (Frankfurt, 1903).

11 H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium* (Frankfurt, 1903), pp. 41-46, 47-94, 95.

*Frankfurt am Main (1878-1978)* van 1979.[12] Cahn bied 'n oorsig van persone en ontwikkelings. Dit is belangrik om daarop te let dat Cahn nie na studente van Afrika verwys nie. Afgesien van 'n rooster van die belangrikste gebeure in die verloop van die Konservatorium tot 1977,[13] bevat die boek nuttige bylaes: oor die studentegetalle tussen 1878/89 en 1919/20, studentegetalle in die verskillende afdelings (byvoorbeeld die operaskool en die balletskool) tussen 1927/28 en 1931/32, en die tuislande van die studente tussen 1888/89 en 1898/99.[14]

## Die ontstaan en die beginjare van die *Hoch'sches Conservatorium*

Die *Hoch'sches Conservatorium* is met fondse uit die nalatenskap van dr. Joseph Paul Johann Hoch (1815-1874) opgerig.[15] Op 1 Julie 1877 word Joachim Raff (1822-1882) tot direkteur benoem en op 19 September 1878 het onderrig begin.[16] By die amptelike opening op 25 September 1878 is Beethoven se Trio in E-mol vir klavier, viool en tjello en Mozart se Sonate vir twee klaviere uitgevoer. Die res van die musiekprogram het bestaan uit liedere van Schubert en Robert Schumann soos voorgedra deur die beroemde sanger Julius Stockhausen (1826-1906). Geen klavierbegeleier word genoem nie,[17] maar kon dit Clara Schumann gewees het?

Die eerste jaarboek van die Hoch-Konservatorium is in 1879 aan die einde van die eerste akademiese jaar gepubliseer ("Ausgegeben am Schlusse des Schuljahres 1878/9"). Die kopie (Mus 471/500) in die argief van die Goethe-Universiteit in Frankfurt dra op die titelblad die inskripsie "Herrn Professor Julius Stockhausen." Stockhausen (Parys, 1826 - Frankfurt, 1906). Die vermaarde sanger, sangonderwyser en dirigent was tussen September 1878 en Julie 1880 en (ná Raff se dood) weer van April 1883 tot April 1884 aan die Konservatorium verbonde.[18] Hy het as student by Manuel Garcia jr. (1805-1906) sangles geneem.

---

[12] Cahn is ook die skrywer van die artikel oor Frankfurt in *The New Grove Dictionary of Music and Musicians*. Kyk P. Cahn, Frankfurt (am Main), *in* S. Sadie (red.), *The New Grove Dictionary of Music and Musicians* 9, tweede uitgawe (Londen, 2001), pp. 204-206.

[13] P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (Frankfurt, 1979), pp. 371-373.

[14] P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), pp. 376-379.

[15] Amptelike dokumente oor die onderhandelings wat die stigting van die *Hoch'sches Conservatorium* voorafgegaan het, is te vinde in die *Magistratsakten* S1514/Bd 1 in die argief van die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt. Hierdie lêer bevat korrespondensie van 1874 tot 1916. Die *Magistratsakten* S1514/Bd 2 (1917-1925), S1514/Bd 3 (1926-1930), S1514/Bd 4 (1921-1924), S1515/Bd 1 (1923-1927) en S1515/Bd 2 (1928-1933) is ook beskikbaar.

[16] *Erster Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. M.* (Frankfurt, 1879), p. 3.

[17] *Erster Jahresbericht* (Frankfurt, 1879), p. 4.

[18] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (Frankfurt, 1903), p. 41.

Daar was aanvanklik 16 dosente: prof. Franz Magnus Böhme (geskiedenis en teorie), prof. Bernard Cossmann (tjello en ensemble), Carl Faelten (klavier), prof. Horaz Fenn (sang), Max Fleisch (koor en dirigering), dr. August Fritsch (Frans), Rudolf Gleichauf (viool), Hugo Heermann (viool en ensemble), Valentin Müller (tjello en klavier), Joachim Raff (komposisie), Joseph Rubinstein (klavier), Agostino Savoldelli (Italiaans), Anton Urspruch (klavier en teorie), dr. Georg Veith ("Metrik und Poëtik"), prof. Julius Stockhausen en die beroemdste: "Frau Kammervirtuosin Clara Schumann" (klavier).[19] Clara Schumann (gebore in 1819) was 59 jaar oud en het les gegee tot Junie 1891 toe sy in haar 72ste jaar was[20] **(Figuur 1).** Sy was die weduwee van die komponis Robert Schumann wat in 1856 oorlede is en wie se klavierwerke sy daarna (soos ook voor sy dood) oor die hele Europa voorgedra het.



**Figuur 1: Clara Schumann in haar Frankfurtse tydperk**
(Met verlof van die argief van die Universiteitsbiblioteek Johann Christian Senckenberg, Frankfurt am Main, Friedrich Nicolas Manskopf-versameling)

[19] *Erster Jahresbericht* (Frankfurt, 1879), p. 4.
[20] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 41.

Volgens die *Erster Jahresbericht* was daar aanvanklik 60 studente in 1878, maar die getal het tot 123 toegeneem aan die einde van die akademiese jaar in die middel van 1879.[21] Die lys word ingedeel in "Schülerinnen" (damestudente) en "Schüler" (manstudente).[22] Onder die vrouestudente is daar Hermine Spies (1857-1893) wat onder Stockhausen studeer het en later 'n beroemde sangeres geword het. Brahms het sommige van sy liedere aan haar opgedra.[23] Die manstudent wat later moontlik die grootste bekendheid verwerf het, is "Mac-Dowell, E. A." van "New-York" wat klavier onder Heymann en komposisie onder Raff aangepak het. Edward MacDowell (1860-1908) was 18 jaar oud toe hy in die tweede semester van 1879 begin studeer het en het reeds oor goeie lewenservaring beskik. As jong seun het hy die beroemde Venezolaanse pianis Teresa Carreño (1853-1917) ontmoet, en in April 1876 neem sy moeder hom Parys toe waar hy aan die *Conservatoire* onder Marmontel (1816-1889) studeer. Aangesien die onderrig hom nie geval het nie, vertrek hy na Stuttgart en Wiesbaden en uiteindelik na Frankfurt. MacDowell het 'n bekende pianis en komponis en eerste professor in musiek aan die Columbia-Universiteit in New York geword.[24] Ander vooraanstaande studente was die volgende: die Engelse studente Henry Balfour Gardiner (1877-1950), Roger Quilter (1877-1935, wat op 20-jarige leeftyd in Frankfurt ingeskryf is) en Cyril Scott (1879-1970, wat as 12-jarige aan die Konservatorium begin studeer het);[25] die Duitser Hans Pfitzner (1869-1949) en die Australiër Percy Grainger (1882-1961, sien later).

Uit hierdie gegewens kan afgelei word dat die *Hoch'sches Conservatorium* van sy begin af oor 'n aantal uitstekende dosente en studente beskik het.

Afgesien van studente uit Duitsland, was daar studente uit Aberdeen, Amsterdam, Barranquilla (Colombia), Basel, Batavia (die dames Sophie van der Pütten en Theodore Rutering), Belleville (VSA), Bern (Switserland), Bridgeport (VSA), Brighton, Ceylon (Albert Schulze; heelwaarskynlik Duitssprekend), Chaux-de-Fonds (Switserland), Danzig (tans Gdañsk in Pole), Detroit, Edinburg, Genève, Florence, Gothenburg, Hoorn (naby Amsterdam), Kopenhagen, Leicester, Liverpool, Londen, Moskou (Olga Schulze; Duitssprekend?), New York, Reval (tans Tallinn in Estland)

---

21 *Erster Jahresbericht* (1879), p. 4.

22 *Erster Jahresbericht* (1879), pp. 5-8.

23 R. Grotjahn, Spies, Hermine, *in* L. Finscher (red.), *Die Musik in Geschichte und Gegenwart: Personenteil* 15, tweede uitgawe (Kassel, 2006), kolom 1180.

24 A.T. Schwab & D. Macy, MacDowell [McDowell], Edward (Alexander), *in* S. Sadie (red.), *The New Grove Dictionary of Music and Musicians* 15, tweede uitgawe (Londen, 2001), pp. 458-459.

25 Cahn skryf 'n afdeling oor die belangrikheid van die "Frankfort Group" (sic), eerder bekend as die "Frankfurt Group." P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), pp. 139-148.

en Wene. Altesaam 139 studente het in die eerste bestaansjaar by die Konservatorium klas geneem, 97 dames en 42 mans.[26]

Reeds in sy eerste jaar, op 19 Februarie 1879, begin die Konservatorium met openbare konserte ("Uebungsabende") waartydens studente optree.[27] Ook Hermine Spies maak van die geleentheid gebruik. Sy sing op Woensdag 30 April 1879 die aria "Er ward verschmähet" ("He was despised") uit *Messiah* van Handel en die Schubert-lied *Sehnsucht* (Schiller).[28]

Die verering van vooraanstaande musici was blykbaar 'n opdrag wat die *Hoch'sches Conservatorium* graag nagekom het. Daar was onder andere die volgende geleenthede:

- die "Jubelfeier" (jubelfeesviering) op 8 Oktober 1881 vir die 60ste herdenking van die eerste openbare kunstenaarsoptrede van die pianis en dirigent Ferdinand Hiller, gebore op 24 Oktober 1811 in Frankfurt;[29]
- die konsert op 28 Oktober 1883 ter ere van die pianis en komponis Anton Rubinstein se besoek, met onder andere sy Trio vir klavier, viool en tjello, en liedere gesing deur Stockhausen;[30] en
- 'n konsert ter ere van die besoek van die befaamde sangeres Pauline Viardot-Garcia (wie se dogter die hoof van die sangafdeling van die Konservatorium was) op 16 Mei 1884.[31] In hierdie verstommende program het Clara Schumann haar man Robert se *Fantasie* op. 17 gespeel, 'n werk vir tjello (*Pavane*) van Viardot-Garcia is gehoor, en die Klavierkwartet op. 25 (gekomponeer in 1861) van die 51-jarige Weense komponis Brahms[32] is voorgespeel. Daarby is werke van die eerste twee direkteure van die *Hoch'sches Conservatorium*, Raff en Scholz, ingesluit.

Dit is duidelik dat die Konservatorium van die begin af 'n baie aktiewe, opwindende musieklewe aan die studente gebied het. Enige student wat onder hierdie omstandighede aan die *Hoch'sches Conservatorium* sou studeer, het 'n wye verskeidenheid geleenthede gehad om hulle beste studentekollegas, hulle dosente en ander beroemde kunstenaars te hoor optree. Reeds in die eerste jaar word gedigte

---

[26] *Erster Jahresbericht* (1879), p. 9.

[27] *Erster Jahresbericht* (1879), p. 10. Hierdie konserte is van September 1882 nie meer in die openbaar aangebied nie. Kyk *Fünfter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. M.* (Frankfurt, 1883), p. 16.

[28] *Erster Jahresbericht* (1879), p. 12.

[29] *Vierter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. Main* (1882), p. 11.

[30] *Sechster Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt am Main* (1884), p. 30.

[31] *Sechster Jahresbericht* (1884), pp. 31-32.

[32] Brahms en Clara Schumann was hegte vriende.

in die studentekonserte voorgedra: op 25 Junie 1879 interpreteer ("declamirt") Luise Hartmann "Das Veilchen" en "Der Fischer" van "Göthe" (Goethe), en Rudolf Pawlowsky dra "Der Sänger" en "Erlkönig", ook van Goethe, voor.[33] Hierdie program was ook van waarde vir musiekstudente, aangesien "Das Veilchen" deur Mozart getoonset is en die ander drie gedigte deur onder andere Schubert. In die verslag van 1880/81 word genoem dat studente tonele uit Goethe se *Iphigenie auf Tauris* ('n monoloog van Iphigenie) en Schiller se *Maria Stuart* (die eerste toneel van die derde bedryf) vir die eksamen voorgedra het.[34] Ook twee Italiaanse uittreksels is opgevoer.[35] Die werke van Goethe, Frankfurt se beroemdste seun, wat in 1749 daar gebore is, is gereeld in die "Klasse für Deklamation und Mimik" gehoor, byvoorbeeld uittreksels uit sy *Egmont*.[36] Daarby is 'n konsert op Maandagoggend 4 Julie 1881 aangebied met komposisies van studente: vier mans en vier dames.[37] Dit is opvallend dat dit nie slegs mans was wat in komposisie uitgeblink het nie.

Onder die 95 dosente wat tussen 1878 en 1903 aan die *Hoch'sches Conservatorium* klasgegee het, tel die volgende vooraanstaande musici:

- Malvine/Malvina/Malwine Schnorr van Carolsfeld (1825-1904) het (soos Julius Stockhausen) by Manuel Garcia jr. studeer[38] en was die eerste Isolde in Wagner se *Tristan und Isolde* (München, 1865) teenoor haar man Ludwig Schnorr van Carolsfeld as Tristan. Sy het van September 1880 tot April 1883 sang onderrig.[39]
- Louise Héritte-Viardot (1841-1918), die kleindogter van die legendariese sangonderwyser Manuel Garcia I (1775-1832) en dogter van die sangeres Pauline Viardot-Garcia (1821-1910) by wie Louise les geneem het, was van April 1883 tot September 1886 'n sangdosent. Maria Malibran (1808-1836), die beroemde contralto, was haar tante, en Manuel Garcia jr., wat tussen 1848 en 1895 sang aan die Royal Academy of Music in Londen

---

[33] *Erster Jahresbericht* (1879), pp. 15, 16.

[34] *Dritter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. Main* (1881), p. 14.

[35] *Dritter Jahresbericht* (1881), pp. 20-21.

[36] *Vierter Jahresbericht* (1882), p. 16. By 'n aankondiging dat die eksamens van die laer grade, teoretiese vakke, tale en voordrag ("Metrik, Poëtik und Declamation") nie meer in die openbaar afgeneem word nie, skryf Stockhausen in sy geannoteerde kopie: "C'est bien heureux!" (Dis nou gelukkig!) Hy was blykbaar nie tevrede met die standaard nie. Sien die kopie (Mus 471/500 in die argief van die Johann Wolfgang Goethe-Universiteit in Frankfurt) van die *Zweiter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. Main* (1880), p. 15.

[37] *Dritter Jahresbericht* (1881), p. 20.

[38] J. Warrack, Schnorr von Carolsfeld, Ludwig, *in* S. Sadie (red.), *The New Grove Dictionary of Music and Musicians* 22, tweede uitgawe (Londen, 2001), p. 571.

[39] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 42.

onderrig het, was haar oom. Louise Héritte-Viardot was met die Franse konsul Héritte getroud wat aan die Kaap die Goeie Hoop gestasioneer was. Die derde uitgawe van haar ***Mémoires*** **het in 1923 verskyn.**[40]

- Die komponis Engelbert Humperdinck (1854-1921) het van September 1890 tot September 1892 instrumentasie en teorie onderrig.[41]

Die eie gebou vir die *Hoch'sches Conservatorium* is eers in 1888 voltooi **(Figuur 2).**

Aan die einde van Maart 1888 het die dosente en studente ingetrek en op 29 April 1888 is die gebou ingewy.[42] Dit was byna tien jaar ná die opening van die Konservatorium. By hierdie geleentheid sou Clara Schumann haar oorlede eggenoot Robert se Klavierkonsert uitvoer, maar, tot groot teleurstelling van die belangstellendes, kon sy dit weens siekte nie doen nie.[43] Die konsertsaal was ongeveer 10 m breed, 25 m lank en 7.5 m hoog en kon tussen 320 en 370 sitplekke verskaf, afhangend van die grootte van die verhoog wat gebruik is. Daar was 'n galery met ongeveer 80




**Figuur 2: Die gebou van die *Dr. Hoch'sches Conservatorium*, voltooi in 1888**
(Met verlof van die argief van die *Institut für Stadtgeschichte*, Frankfurt am Main)

[40] L. Héritte-Viardot, *Mémoires de Louise Héritte-Viardot* (Parys, 1923).
[41] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 44.
[42] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 21.
[43] *Zehnter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (Frankfurt, 1888), pp. 6-7.

sitplekke en ’n orrel (gebou deur E.F. Walker van Ludwigsburg) wat oor 14 registers beskik het. Die orrel is op 20 Januarie 1889 ingewy met ’n program met werke van Bach, Mozart en Mendelssohn.[44] Vanaf 1901 was daar elektriese beligting.[45] Die *Zehnter Jahresbericht* (1888), nou in ’n bietjie breër formaat, verskaf ’n aansig van die gebou en die vloerplan van die drie verdiepings. Opvallend is die woonstel van die “Hausmeister” op die grondvloer. Daar is ook ’n “AUFENTH.ZIMMER DER LEHRER” (personeelkamer, op die grondvloer), ’n “AUFENTH-ZIMMER DER SCHüLER” (kamer vir manstudente, op die eerste verdieping) en (op die boonste vloer, apart) ’n “AUFENTH.ZIMMER DER SCHüLERINNEN” (kamer vir damestudente). Volgens die kultuur van die tyd is die afstand tussen mans- en damestudente duidelik onderstreep. Die gebou was naby die Eschenheimer Tor in die hartjie van Frankfurt. Vandag bestaan die gebou nie meer nie: dit is op 4 Oktober 1943 tydens die Tweede Wêreldoorlog se bomaanvalle op Frankfurt erg beskadig.[46] Al die Suid-Afrikaans-gebore studente wat in hierdie artikel genoem word, het in hierdie statige gebou klas gehad.

## Die *Hoch’sches Conservatorium*: konserwatief of vooruitstrewend?

Die eerste direkteur, Joachim Raff (1822-1882), het nie self ’n deeglike musiekopvoeding ontvang nie. Maar as outodidak het hy so gevorder dat hy vanaf 1850 as privaatsekretaris van Liszt in Weimar gewerk het. Die omvang van Raff se aandeel in die orkestrasie van Liszt se orkeswerke is onseker.[47] In 1856 het Raff hom van die Liszt-groep afgewend en sy eie pad geloop. Agter Raff se streng gesigsuitdrukking moet ’n mens, volgens Cahn, eerder ’n geleerde as ’n musikus soek.[48] Fritz Bassermann, een van Raff se komposisiestudente in die akademiese jaar 1878/1879, skryf baie positief oor die onderrig wat hy van Raff ontvang het en die verwysings na literatuur, antieke tale en wiskunde waaraan hy blootgestel is. Hy sê ook: “Hy het meer deur middel van sy skerp verstand as met sy hart verduidelik.”[49] Volgens Cahn moet

---

44 *Elfter Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (Frankfurt, 1889), p. 22.

45 H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium* (1903), p. 24.

46 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 331. Cahn (persoonlike mededeling, 2010-07-14, Frankfurt) onthou dat hy in die vyftigerjare van die vorige eeu onderrig ontvang het in dele van die gebou wat nog bruikbaar was.

47 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 25.

48 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 28. “Hinter den strengen Gesichtszügen Raffs ließe sich eher ein Gelehrter als ein Musiker suchen.”

49 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 80. “[…] freilich erklärte er mehr mittels seines scharfen Verstandes als mit seinem Herzen.”

Raff nie noodwendig as 'n konserwatiewe musikus beskou word nie; dis eerder sy onderrigmetodes wat konserwatief was.[50]

Die sangonderwyser Stockhausen het nie met die bestuurstyl van die Konservatorium saamgestem nie. Die spesifieke kopieë van die uitgawes van die eerste twee *Jahresberichte* bevat sy geskrewe kommentaar oor persone en oor studente se uitvoerings. By die naam van die direkteur, Joachim Raff, wie se rol in die *Zweiter Jahresbericht* as "Technische Direction" aangegee word,[51] het Stockhausen geskryf: "ganz richtig, die artistische nicht!', ommegeset synde: "Presies! Raff is 'n tegniese direkteur, maar nie 'n artistieke een nie!"[52] Toe die tweede direkteur, Bernhard Scholz, Stockhausen ná Raff se dood weer aanstel, het 'n lid van die bestuur ("Curatorium") bedank, wat gelei het tot die bedanking van vyf dosente.[53] Dit wil voorkom of Raff die organisatoriese bo die kunssinnige bevoordeel het.

Tydens Liszt se besoek aan die Konservatorium word 'n spesiale program van sy werke vir hom gereël. Die konsert het blykbaar op 9 Mei 1879 (toe Liszt 67 jaar oud was) plaasgevind. Drie studente, waarvan Edward MacDowell een was, het saam met hulle dosente aan hierdie uitvoering deelgeneem. MacDowell het saam met Theodor Müller 'n uitvoering op twee klaviere van Liszt se simfoniese toondig *Tasso: Lamento e Trionfo* gegee.[54] Op 24 Mei 1880 is nog 'n Liszt-program, waarby Stockhausen in sy kopie van die *Jahresbericht* (sarkasties?) skryf: "Triumph!"[55] 'n Mens moet onthou dat Stockhausen met Brahms bevriend was en dus nie die progressiewer idees van die "teenstanders" Liszt/Wagner aangehang het nie. Weens Clara Schumann se verbintenis met Brahms het Brahms Frankfurt gereeld besoek en is sy werke daar uitgevoer.

Daar kan dus afgelei word dat die Konservatorium aan sy begin 'n middeweg tussen die twee Duitse groeperings (Schumann/Brahms teenoor Liszt/Wagner) probeer handhaaf het, en dus altwee geakkommodeer het.

Ná die vier jaar van Raff se direkteurskap (1878-1882) het Bernhard Scholz (1835-1916) die inrigting tussen 1883 en 1908 vir 25 jaar lank gelei. Cahn skryf dat Scholz met die outoriteit van 'n absolute heerser geregeer het.[56] Reeds in 1860 was Scholz saam met Brahms, Joseph Joachim en Julius Otto Grimm 'n ondertekenaar van die manifes teen die Nuwe Duitse Skool en die "Zukunftsmusik."[57]

---

[50] Cahn, persoonlike mededeling, 2010-07-14, Frankfurt.
[51] *Zweiter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt a. Main* (1880), p. 3.
[52] Mus 471/500 in die argief van die Johann Wolfgang Goethe-Universiteit in Frankfurt.
[53] H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 14.
[54] *Erster Jahresbericht* (1879), pp. 13-14.
[55] *Zweiter Jahresbericht* (1880), p. 15.
[56] P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 92. "Scholz regierte mit der Autorität eines absoluten Fürsten."
[57] P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 94.

Die vooruitgang van die Konservatorium het ook gely onder die aanstelling van dosente wat hulle opleiding aan die Konservatorium ontvang het. Van die eerste 95 onderwysers aan die Konservatorium was 27 oudstudente.[58] Dit kan impliseer dat die Konservatorium hom moontlik nie genoeg aan invloede van buite blootgestel het nie. Engelbert Humperdinck (1854-1921), opgelei onder die konserwatiewe maar deeglike komposisie-onderwyser Rheinberger aan die Musiekskool in München, was egter 'n groot uitsondering. Humperdinck was 'n aanhanger van Wagner vir wie hy in 1880 in Napels ontmoet het. Van Januarie 1881 af tot in die somer van 1882 het hy Wagner in Bayreuth met die opvoering van *Parsifal* bygestaan, onder andere as kopieerder van die partituur.[59] Humperdinck is in September 1890, op 36-jarige leeftyd, aan die Konservatorium in Frankfurt aangestel en het tot in September 1892 daar gewerk as dosent in instrumentasie en teorie;[60] dit was die jaar van die samestelling van sy *Instrumentationslehre*.[61] Die eerste uitvoering van sy opera *Hänsel und Gretel* het in 1893 (onder Richard Strauss) in Weimar plaasgevind; dit is daarna ook in Frankfurt (1894) aangebied.[62]

## Clara, Marie, Eugenie en Felix Schumann

Clara Schumann (1819-1896) was die enigste vrou onder die eerste groep dosente van die Konservatorium. Op 3 Julie 1879, aan die einde van die eerste onderrigjaar van die Konservatorium, het Raff aan 'n onbekende vroulike navraer geskryf:

> *Met die uitsondering van Mme Schumann is en sal daar aan die Conservatorium geen vroue-onderwyser aangestel word nie. Mme Schumann self kan ek netsowel as 'n man beskou. As u dus hier [Frankfurt?] onderwys wil gee, kan dit slegs in privaatonderrig geskied.*[63]

In 'n tydperk waarin vroue oor die algemeen nie as die gelyke van hulle manlike eweknieë beskou is nie, is hierdie uitspraak oor Clara Schumann as "man" sekerlik 'n

---

58 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), pp. 41-46.

59 H.-J. Irmen, *Hänsel und Gretel: Studien und Dokumente zu Engelbert Humperdincks Märchenoper* (Mainz, 1989), pp. 13-15.

60 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 44.

61 H.-J. Irmen, *in* E. Humperdinck, *Instrumentationslehre*, geredigeer deur H.-J. Irmen (Keulen, 1981 [1892]), Einleitung.

62 A. Hansert, Humperdinck, Engelbert, *in* W. Klötzer (red.), *Frankfurter Biographie* 1: A-L (Frankfurt, 1994), pp. 363-364.

63 P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 51. "Mit Ausnahme von Mme Schumann ist und wird im Conservatorium keine Lehrerin angestellt. Mme Schumann selbst kann ich eben wohl als Mann rechnen. Wenn Sie daher hier Unterricht geben wollten, so könnte dies nur privatim geschehen."

uitsondering. Haar status (as een van die voorste pianiste in Europa) was bes moontlik wel dié van 'n man en sy het so die grense van gender-stereotipering oorgesteek. Verder wou Raff moontlik die lastige skryfster in 'n paar woorde afskrik. Ten spyte van Raff se woorde is twee vroue, Marie Schumann en Malvine Schnorr von Carolsfeld, die volgende jaar aangestel.[64]

Een van die hoogtepunte van die eerste akademiese jaar was die spesiale konsert in Oktober 1878 toe die 50-jarige jubileum van Clara Schumann as uitvoerende kunstenaar gevier is. (Haar debuut was op 20 Oktober 1828 in Leipzig.) By dié geleentheid is drie van haar komposisies deur haar kollegas uitgevoer: die Trio vir klavier, viool en tjello in G mineur op. 17, die *Variationen über ein Thema von Robert Schumann*, en *Drei Romanzen* vir klavier en viool.[65] Ook op die gebied van komposisie het Clara Schumann haar dus as "man" onderskei.

Clara Schumann se tyd aan die Konservatorium was nie sonder droefheid nie. Haar seun Felix (gebore in 1854 toe haar man weens geestelike ongesteldheid in 'n inrigting naby Bonn was, en vernoem na Mendelssohn) het by sy moeder in Frankfurt gewoon **(Figuur 3).** Hy was 'n digter, en sy peetvader, Brahms, het van sy gedigte getoonset. Die bekendste een is "Meine Liebe ist grün wie der Fliederbusch" (op. 63 nr. 5, *Junge Lieder I*, gekomponeer in 1873 toe Felix ongeveer 19 jaar oud was). Daar is ook *Junge Lieder II* (op. 63 nr. 6, "Wenn um den Hollunder", 1874) en *Versunken* (op. 86 nr. 5, 1878). In 1879 sterf Felix op 25-jarige leeftyd in Frankfurt. (Brahms het daarna geen ander gedigte van Felix Schumann getoonset nie.)

Met Clara Schumann se 60ste jubileum as uitvoerende kunstenaar word op 21 Oktober 1888 'n program aangebied waarin drie van haar liedere saam met Mozart se 41ste Simfonie (K. 551) en die "Feierlicher Marsch und Chor" van Beethoven uitgevoer is. In die lofrede word sy "'n priesteres van die kuns" genoem.[66]

Dit is merkwaardig om te bedink dat Clara Schumann haar man Robert se werke eerstehands aan haar studente onderrig het. Op 19 Mei 1886 speel Katha Widmann (uit die klas van Clara Schumann) byvoorbeeld op 'n eksamenkonsert die Sonate vir klavier in G mineur (1833-38) van Robert Schumann.[67] Indien Clara Schumann by hierdie uitvoering teenwoordig was, sou sy ook werke van haar vriende Brahms, Chopin en Mendelssohn, en ander bekendes soos Grieg en Leschetizky op die program kon hoor.

---

64 *Dritter Jahresbericht* (1881), p. 3; P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 51.
65 *Erster Jahresbericht* (1879), pp. 9-10.
66 *Elfter Jahresbericht* (1889), pp. 21, 27.
67 *Achter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt am Main* (Frankfurt, 1886), p. 15. Vanaf die *Neunter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums zu Frankfurt am M.* (1887), pp. 13-33, is nie meer aangedui wie die onderwyser van die student was nie. Die rede vir hierdie besluit is nie duidelik nie.



**Figuur 3: Die gebou in Myliusstraße 32 waar Clara Schumann in Frankfurt gewoon het**
(Met verlof van die argief van die *Institut für Stadtgeschichte*, Frankfurt am Main)

Die drie Schumann-dames het tegelykertyd aan die Konservatorium les gegee.[68] Clara se dogter Marie Schumann (1841-1929) was van September 1880 tot September 1891 aan die Konservatorium verbonde, en 'n ander dogter, Eugenie Schumann (1851-1938), van September 1884 tot September 1891.[69] Nadat hulle moeder afgetree het, het hulle ook besluit om die diens van die Konservatorium te verlaat. Die gebou waarin Clara Schumann vanaf 1878 saam met Marie, Eugenie en Felix gewoon het (Myliusstraße 32; Figuur 3), is in 2010 gerestoureer en 'n gedenkplaat is teen die muur aangebring.

Clara Schumann het baie van haar lesse tuis gegee. Een van die vele besoekers aan haar woning was Elsie Hall (1877-1976), die Australiesgebore pianis wat later in Suid-Afrika gewoon het. In haar outobiografie *The good die young* (Elsie Hall het op haar 90ste verjaardag in die Kaapstadse stadsaal opgetree en is op 99 oorlede) beskryf sy hierdie besoek by Clara Schumann.[70] Die belangrikste besoeker was egter Johannes Brahms wat gereeld sy nuwe werke daar deur vertrouelinge laat uitvoer het. So het

---

68 Kyk byvoorbeeld die lys dosente in die *Achter Jahresbericht* (Frankfurt, 1886), p. 4.

69 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), pp. 42, 43.

70 E. Hall, *The good die young* (Kaapstad, 1969), pp. 13-15. Hierdie geleentheid is deur die skrywer Hennie Aucamp in 'n kortverhaal verwerk. H. Aucamp, Die Wunderkind en Madame Clara: 'n Fantasiestück, *Rooi Rose* 63(4), 2005, pp. 210-212. Sien ook H. van der Mescht, "Dat ek my boodskap insing in mense se harte": musiekkunstenaars in die kortverhale van Hennie Aucamp, *Stilet* 18(1), 2006, pp. 165-183.

die Konservatorium ’n sentrum van Brahms-uitvoering geword.[71] Ná haar aftrede in Junie 1891 (sy was daarna blykbaar nog tot 1892 amptelik in diens, maar kon weens haar swak gesondheid nie meer lesgee nie) skryf die direksie van die *Hoch’sches Conservatorium* die volgende oor Clara Schumann:

> *Op hierdie feit rus ons hoop: dat die klavierskool van die Hoch’sches Conservatorium hom voortdurend waardig sal hou volgens die eer om deur die groot meesteres gestig en gekoester te gewees het, sy wie se jeug nog deur die glans van die son van Beethoven beskyn is, en wie se kunstenaarskap onder die oë van Robert Schumann en Felix Mendelssohn ryp geword het.*[72]

Cahn verwys na die invloed van Clara Schumann se jaarlikse konsertreise in Engeland.[73] Sy het hierdeur sekerlik bygedra tot die toevloei van Engelse studente na die Konservatorium in Frankfurt. Clara het reeds op 17 September 1887 in haar dagboek oor haar gehoorprobleme geskryf. Sy het nogtans steeds met haar uitvoerings voortgegaan tot in 1891.[74] Oor haar aftrede skryf die direksie van die Konservatorium die volgende:

> *Deur die glans van haar naam het sy van die begin af daartoe bygedra om hoë aansien aan ons skool te verleen; deur haar onvergelykbare prestasies as kunstenares, deur haar opofferende en onvermoeide pligsgetrouheid, asook deur haar waarlik moederlike sorg vir die studente wat aan haar toevertrou is, het sy ’n onverganklike nalatenskap opgerig.*[75]

By haar dood in 1896 publiseer die Konservatorium ’n spesiale artikel wat ’n rede van die direkteur Bernhard Scholz insluit. Die artikel (“Zum Gedächtniss von Frau Clara Schumann”)[76] begin so:

---

71 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 61.

72 *Vierzehnter Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1892), p. 33. “Auf diese Thatsachen [sic] stützt sich unsere Hoffnung, dass die Klavierschule des Dr. Hoch’schen Conservatorium sich dauernd der Ehre würdig erhalten werde, von der grossen Meisterin begründet und gepflegt worden zu sein, deren Jugendzeit noch vom Glanze der Sonne Beethovens beschienen wurde, und deren Künstlerschaft unter den Augen Robert Schumanns und Felix Mendelssohns ausreifte.”

73 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 139.

74 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 125.

75 *Vierzehnter Jahresbericht* (1892), p. 32. “Durch den Glanz ihres Namens hat sie gleich anfangs dazu beigetragen, unserer Schule ein hohes Ansehen zu verleihen; durch ihre unvergleichlichen Leistungen als Künstlerin, durch ihre aufopfernde und unermüdliche Pflichttreue, sowie durch ihre wahrhaft mütterliche Fürsorge für die ihr anvertrauten Schüler hat sie sich ein unvergängliches Denkmal errichtet.”

76 *Achtzehnter Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1896), pp. 7-10.

*Die groot kunstenares mevrou Clara Schumann, wat sedert die stigting van die Dr. Hoch'sches Conservatorium in 1878 tot in 1892 aan die inrigting verbonde was, dus veertien jaar ononderbroke, is op 20 Mei uit haar roemryke, geseënde lewe weggeroep.*[77]

Die verrigtinge ("Trauerfeier zum Gedächtniss von Clara Schumann") het begin met 'n uitvoering van die *Maurische Trauermusik* van Mozart en "Ihr habt nun Traurigkeit" uit die *Deutsches Requiem* (1857-1868) van haar vriend Brahms, wat in die volgende jaar sou sterf. Scholz het daarna sy toespraak gelewer. Die finale item was die "Schlummerlied" uit haar man, Robert Schumann, se *Das Paradies und die Peri*.[78]

Daar was geen Suid-Afrikaner wat by Clara Schumann les geneem het nie. Haar teenwoordigheid in die Konservatoriumgebou sou egter vir elke student 'n spesiale ervaring gewees het.

## Hetti Goldschmidt, van Kaapstad, die eerste Suid-Afrikaans gebore student aan die *Hoch'sches Conservatorium* (1888-89, of 1889)

Dit is onder hierdie uiters stimulerende omstandighede, soos beskryf in die vorige paragrawe, dat die eerste Suid-Afrikaansgebore student in die akademiese jaar 1888/89 as "Hospitantinne" (klasbywoner) aan die *Hoch'sches Conservatorium* ingeskryf het. Sy het dus slegs die klasse bygewoon, maar nie eksamen geskryf nie.

Hetti Goldschmidt was van Kaapstad en het literatuur by dr Georg Veith studeer; sy was dus nie 'n musiekstudent nie. Veith was 'n ervare pedagoog wat as hoof van 'n skool in Frankfurt ook bestuurservaring na die Konservatorium gebring het.[79] Sy lang inwydingsgedig (nege strofes van agt reëls elk) is in 1888 tydens die inwyding van die nuwe gebou van die Konservatorium voorgedra.[80] Hetti was die eerste persoon by wie 'n Suid-Afrikaanse plek (Kaapstad) onder "Heimat" aangedui is.[81] Aangesien'n syfer 1 by haar naam aangebring is, en dit aan die begin van die lys studente verduidelik word dat die getal aandui hoeveel semesters die student by die Konservatorium deurgebring het, moet 'n mens aflei dat Hetti Goldschmidt slegs een semester studeer het; dit kan óf die eerste (1888-1889) óf die tweede (in die eerste helfte van 1889) wees. Daar

77 *Achtzehnter Jahresbericht* (1896), p. 7. "Die grosse Künstlerin, Frau Clara Schumann, welche seit Gründung des Dr. Hoch'schen Conservatoriums 1878, demselben bis zum Jahre 1892, also vierzehn Jahre hindurch, angehört hat, wurde am 20. Mai aus ihrem ruhmreichen, gesegneten Leben abgerufen."

78 *Achtzehnter Jahresbericht* (1896), p. 31.

79 P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 50.

80 *Zehnter Jahresbericht* (1888), p. 7.

81 *Elfter Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1889), p. 8.

was slegs een student uit “Afrika”. Ook was daar 81 uit Frankfurt, 64 uit ander Duitse stede, drie uit Oostenryk, 44 uit Engeland, ses uit Holland, vyf uit Switserland, twee uit Rusland, nege uit die VSA en twee uit Australië.[82] In Junie 1889 is’n eksamen in “Metrik en Poetik” (sic) vir die klas van dr. Veith afgeneem. Dit is te betwyfel of Hetti Goldschmidt daaraan deelgeneem het. In die volgende jaar (1889/1890) verskyn haar naam nie meer in die studentelys van die Konservatorium nie.[83] ’n Belangrike tydgenoot van Hetti Goldschmidt was die latere komponis Hans Pfitzner wat van 1886 tot 1890 aan die Konservatorium studeer het.[84]

Wanneer die studentelyste van die Konservatorium nagegaan word, is dit duidelik dat ’n beduidende aantal studente met Joodse vanne ingeskryf was. Dit geld sowel Duitse as buitelandse studente. Andrea Hopp bespreek in ’n artikel getitel “Zur Konstituierung des Frankfurter jüdischen Bürgertums im 19. Jahrhundert” die sosiale posisie van Joodse persone in Frankfurt. Uit ’n tabel kan afgelei word dat Frankfurt persentasiegewys die grootste getal Joodse inwoners van die Duitse stede gehad het, meer as Berlyn, Breslau (vandag Wroclaw in Pole), Hamburg, Keulen, München en Leipzig.[85] In 1852 was 8 % van Frankfurt se inwoners Jode; daarna volg Breslau met 6.16 % en Hamburg met 5.29 %. In 1871 maak Jode 11% van die Frankfurtse stadsbevolking uit, met 6.2 % in Breslau en 4.4 % in Berlyn. Teen 1910 was 6.3 % van Frankfurt se inwoners Jode, teenoor 3.9 % in Breslau en 3.7 % in Berlyn. In die jaar van mej. Goldschmidt se toetrede tot die Konservatorium het Jode reeds lank in Frankfurt dieselfde regte as ander inwoners gehad. Van die 550 miljoenêrs in Frankfurt in 1910 was ongeveer ’n derde Jode, ten spyte van hulle beperkte getalle.[86] In 1911 was daar 137 Joodse verenigings en “Stiftungen”.[87] Dit is duidelik dat die Joodse inwoners ’n baie belangrike rol in Frankfurt gespeel het.

Frankfurt het rondom die tyd toe Hetti Goldschmidt daar studeer het oor ’n Café Goldschmidt beskik. In die boek getitel *Hinaus aus dem Ghetto: Juden in Frankfurt am Main 1800-1950* word ’n foto ingesluit van die elegante interieur van die kafee.[88] Daar is ook verwysings na persone met die van Goldschmidt in hierdie boek. In die

---

82 *Elfter Jahresbericht* (1889), p. 11.

83 *Zwölfter Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1890), p. 8.

84 P. Cahn, *Das Hoch’sche Konservatorium* (1979), p. 107. Cahn wy ’n onderafdeling van sy boek aan “Hans Pfitzner und seine Mitschüler” (Hans Pfitzner en sy medestudente), pp. 107-120.

85 A. Hopp, Zur Konstituierung des Frankfurter jüdischen Bürgertums im 19. Jahrhundert, *in* D. Rebentisch (red.), *Archiv für Frankfurts Geschichte und Kunst* (Frankfurt, 1998), p. 127.

86 A. Hopp, Zur Konstituierung des Frankfurter jüdischen Bürgertums im 19. Jahrhundert (1998), p. 126.

87 A. Hopp, Zur Konstituierung des Frankfurter jüdischen Bürgertums im 19. Jahrhundert (1998), p. 141.

88 R. Heuberger en H. Krohn, *Hinaus aus dem Ghetto: Juden in Frankfurt am Main 1800-1950* (1988), p. 97.

*Frankfurter Biographie* is inskrywings oor vier persone met die van Goldschmidt:[89] Heymann Joseph (1761-1835) was 'n mediese dokter, Hermann (1802-1866) was 'n skilder en astronoom, Maximilian Benedikt (later Goldschmidt-Rothschild, 1843-1940) was 'n vooraanstaande bankier en ondersteuner van die kunste, en Julius (1858-1932) was 'n beroemde oudhedehandelaar. 'n Mens wonder of Hetti enigsins aan hierdie persone verwant was. Op Hetti Goldschmidt moes die ontdekking van 'n Café Goldschmidt en die teenwoordigheid van naamgenote sekerlik 'n verwelkomende effek gehad het.

Frankfurt am Main beskik tans oor twee museums gewy aan sy Joodse inwoners: die *Jüdisches Museum Frankfurt* en die *Judengasse Museum*. Verder is daar die *International Anne Frank Youth Centre*.

**Die eerste Suid-Afrikaansgebore musiekstudent: Cäcilie Manikus van Kaapstad (1899-1901)**

Dit was tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) dat die naam van die eerste musiekstudent van Suid-Afrikaanse oorsprong in die *Zweiundzwanzigster Jahresbericht* verskyn.[90] Sy was Cäcilie Manikus van Kaapstad wat heelwaarskynlik op Donderdag 31 Augustus of Vrydag 1 September 1899 die toelatingseksamen afgelê het.[91] Die volgende dag het die vasstelling van die rooster plaasgevind en op Maandag 4 September om 08:00 het die klasse begin. Mej. Manikus het ingeskryf om klavier te studeer onder Ernst Engesser wat vanaf November 1884 as dosent vir klavier en ensemblespel aan die Konservatorium verbonde was.[92] Engesser is op 25 Julie 1852 gebore[93] en was dus 47 jaar oud. Mej. Manikus se teenwoordigheid word ook in die *Jahresbericht* aangedui waar die oorsprong van studente per groep aangegee word. Sy was die enigste student "aus Afrika".[94] Die getal studente het in die tussentyd aangegroei tot 254: 98 van Frankfurt, 79 van ander Duitse stede, 31 van Groot-Brittanje, 19 van Frankryk, agt van "Holland", sewe van "Amerika" (wat ook Suid-Amerika kon insluit), drie uit Australië en drie uit Denemarke, twee uit Rusland,

---

89 W. Klötzer (red.), *Frankfurter Biographie* 1: A-L (Frankfurt, 1994), pp. 269-270.

90 *Zweiundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1900), p. 9.

91 *Einundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1899), p. 6.

92 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 43.

93 Vgl. die lêer *Sammlungen Personen* S2/11.107 in die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt.

94 *Zweiundzwanzigster Jahresbericht* (1900), p. 13.

en een elk uit België, Frankryk en Noorweë. In hierdie jaar kon mej. Manikus dus kontak maak met studente uit 'n groot verskeidenheid agtergronde.

Mej. Manikus se naam verskyn ook in die *Jahresbericht* van 1900/1901 en sy is weer die enigste een uit "Afrika".[95] Sy het net vir die eerste semester ingeskryf en haar klavieronderwyser was nou Carl Friedberg, 'n voormalige student van die Konservatorium wat in September 1893 as klavierdosent aangestel is.[96] Dit is moontlik dat mej. Manikus die spesiale konsert ter ere van die beroemde violis "Prof. Dr. Joseph Joachim" (1831-1907) op Saterdag 23 Februarie 1901 in die Konservatorium bygewoon het. Op die program was daar onder meer die Rapsodie vir klavier in G mineur van Brahms, 'n vriend van Joachim.[97] Joachim was die direkteur van die *Hochschule für Musik* in Berlyn vanaf sy stigting in 1869 tot aan sy dood.[98]

In die programme van studentekonserte tydens mej. Manikus se studietydperk word haar naam nie in die lys kunstenaars gevind nie. Dit is duidelik uit die hoë moeilikheidgraad van voorgespeelde werke dat slegs die beste studente aan hierdie konserte deelgeneem het.

Cäcilie Manikus was 'n tydgenoot van die later beroemde pianis/komponis van Australië, Percy Grainger (van Melbourne), wat in 1896 as 13-jarige ingeskryf het[99] en in die eerste semester van die akademiese jaar 1899/1900 sy klavierstudie afgesluit het by prof. James Kwast en sy kontrapuntstudie by prof. Iwan Knorr.[100] Die jonge Grainger het 'n verhouding aangeknoop met Kwast se dogter Mimi wat drie jaar ouer as hy was.[101] Sy is in Junie 1899 in Engeland met 'n ander konservatoriumstudent, die komponis Hans Pfitzner, getroud.[102] Ten spyte van sy jong ouderdom was Grainger 'n voorste en 'n bedrywige pianis. Op 5 Oktober 1899 speel hy Beethoven se "Appassionata"-sonate op 'n "Vortragsabend" en op 1 Desember 1899 is hy weer op die verhoog in 'n uitvoering van Brahms se Trio in C mineur vir klavier, viool en tjello. Op 3 Januarie 1900 speel hy Liszt se *Hongaarse Rapsodie* nr. 13.[103]

Die blootstelling aan medestudente van so 'n hoë gehalte van kunstenaarskap en wat sulke opsienbarende lewens gehad het, vorm vanselfsprekend 'n baie belangrike

---

95 *Dreiundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch'schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1901), pp. 9, 13.

96 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 44.

97 *Dreiundzwanzigster Jahresbericht* (1901), p. 25.

98 B. Borchard, Joachim, Joseph, *in* S. Sadie (red.), *The New Grove Dictionary of Music and Musicians* 13, tweede uitgawe (Londen, 2001), p. 126.

99 H. Hanau, *Dr. Hoch's Conservatorium* (1903), p. 81; P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), p. 144.

100 *Zweiundzwanzigster Jahresbericht* (1900), p. 11.

101 'n Rolprent oor Grainger se opwindende persoonlike lewe (*Passion*) het in 1999 verskyn.

102 P. Cahn, *Das Hoch'sche Konservatorium* (1979), pp. 145-146.

103 *Zweiundzwanzigster Jahresbericht* (1900), pp. 16, 18, 19.

deel van enige musiekstudent se studie. ’n Mens wonder dus of mej. Manikus die geleentheid benut het om na Grainger te gaan luister.

Soos vele dames wat moontlik getrou het en dus ander vanne aanvaar het, het Cäcilie Manikus êrens in die (musiek)geskiedenis verdwyn. Haar naam verskyn nie in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* (Malan) nie en ook nie in die *Suid-Afrkaanse Biografiese Woordeboek* (Beyers) nie.

**Lydia van Raalte van Bethlehem (1904-1905)**

Daar was een student uit Afrika wat in die akademiese jaar 1903/1904 aan die Konservatorium studeer het.[104] Sy was “van Raalte, Lydia” van “Bethlehem (Orange River)”. Van Raalte het in daardie jaar een semester lank studeer, beginnende heelwaarskynlik met die tweede semester van die akademiese jaar (dus in 1904). Hoewel die *Siebenundzwanzigster Jahresbericht* geen studente van “Afrika” aandui nie, is Lydia van Raalte wel in die lys studente op p. 12 ingesluit.[105] Die syfer “2” agter haar naam dui aan dat sy altesaam twee semesters in geheel voltooi het. Haar sangonderwyser was Eduard Bellwidt[106] wat sedert September 1898 aan die Konservatorium verbonde was.[107]

Lydia van Raalte se naam verskyn nie in die lys deelnemers aan konserte wat deur studente en dosente aangebied is nie,[108] en sy was in die volgende akademiese jaar nie meer aan die *Hoch’sches Conservatorium* ingeskryf nie.[109]

**Frank Struben van Kaapstad (1907-1909)**

Frank Struben van “Captown (Afrika)” [sic] was die eerste Suid-Afrikaanse manstudent aan die *Hoch’sches Conservatorium*.[110] Hy het van die tweede semester van die akademiese jaar 1906/1907 (dit wil sê in 1907) viool begin studeer onder

---

104 *Sechsundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1904), p. 17.

105 *Siebenundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1905), pp. 16, 12.

106 In die lêer *Schulamt* 2643 (in die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt) kan meer oor Bellwidt se vrou gelees word. Sy was Emma Brüller (gebore op 1879-06-10) en het self onder Bellwidt aan die Konservatorium studeer.

107 H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium* (1903), p. 45.

108 *Siebenundzwanzigster Jahresbericht* (1905), pp. 20-31.

109 *Achtundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1906), pp. 9-13.

110 *Neunundzwanzigster Jahresbericht des Dr. Hoch’schen Conservatoriums für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt am Main* (1907), p. 18.

die konsertmeester Adolf Rebner (1876-1967) wat sedert Maart 1899 aan die Konservatorium verbonde was.[111]

Rebner is in Wene en Parys opgelei en was 30 jaar oud toe Struben by hom begin les neem het, maar Rebner het reeds groot naam gemaak as lid van die Heermann-kwartet, die James Kwast-trio en die Rebner-kwartet. (Later het Hindemith in hierdie kwartet as altviolis gespeel.) Tussen 1902 en 1905 was die jong Rebner die konsertmeester van die Frankfurtse Opera-orkes.[112]

In die volgende jaar (1907/1908) was Struben se leermeester Felix Berber wat aan die einde van die jaar uit die diens van die Konservatorium getree het.[113] Die omvangryke ervaring van die Suid-Afrikaners se leermeesters is in die geval van Berber weer eens opvallend. Berber is op 11 Maart 1871 in Jena gebore. Hy het aan die konservatoriums in Dresden en Leipzig studeer en was in 1889 in Londen. Daarna was hy konsertmeester in Magdeburg en Chemnitz. In 1898 (op ongeveer 27 jaar) word hy die konsertmeester van die beroemde Gewandhaus-orkes in Leipzig en die eerste violis van die Berber-kwartet. In 1904 word hy aan die Akademie vir Toonkuns in München aangestel. Hy gee dan in die akademiese jaar 1907/1908 klas aan die Konservatorium in Frankfurt.[114]

Die jaar 1908 was belangrik, aangesien die Konservatorium 30 jaar oud geword het. Die jaarverslag het ná 29 jaar ’n nuwe uitgewer gekry, ’n foto van die konservatoriumgebou is ingesluit, die titelblad is verander en die uitgawe bevat ’n paar versierings in die Jugendstil. Vanaf 1908 het Iwan Knorr (1853-1916) die direkteur van die Konservatorium geword. In die eerste semester van 1908/1909 het Frank Struben nog steeds aan die Konservatorium studeer, hierdie keer klavier onder

---

[111] H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium* (1903), p. 45.

[112] W. Klötzer (red.), *Frankfurter Biographie* 2: M-Z (1996), p. 177. Rebner het in 1934 eers na Wene en daarna na die VSA vertrek en so die moord op Jode oorleef. Ná die Tweede Wêreldoorlog was hy terug in Duitsland waar hy in Baden-Baden, ongeveer 200 km suid van Frankfurt, gewerk het. Die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt besit ’n lêer (*Personalakten* 142.492) waarin die latere lewensverhaal van prof. Rebner ontsluit word. Hy “mußte am 31.8.33 aus politischen bzw. rassistischen Gründen seine Tätigkeit als erste Lehrkraft aufgeben.” (“... moes op 31 Augustus 1933 weens politieke en rassistiese redes sy werk as eerste leerkrag aan die Konservatorium opgee.) Sy regsverteenwoordiger (Max L. Cahn, die vader van die Frankfurt-kenner Peter Cahn) eis dat ’n bedrag as skadevergoeding aan Rebner uitbetaal word. Die beskikbare dokumente strek van Oktober 1952 tot Januarie 1953. Volgens die briewe in hierdie lêer was Rebner toe in Kopenhagen. ’n Verdere lêer oor Rebner is *Sammlungen Personen* S2/485 in die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt.

[113] *Dr. Hoch’s Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Dreißigster Jahresbericht* (Frankfurt, 1908), pp. 22, 10. In die lêer *Nachlässe* S1/431 Nr. 40 (in die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt) kan briewe en poskaarte van Berber aan Sofie Bergman-Kuchler gevind word.

[114] A. Krause, Lehrkörper, *in* S. Schmitt (red.), *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945* (Tutzing, 2005), p. 393.

Herbert Golden wat van September 1902 aan die Konservatorium verbonde was.[115] Frank Struben het nie in enige van die konservatoriumkonserte opgetree nie.

Die dertienjarige Paul Hindemith (1895-1963), later bekend as konsertmeester van die Frankfurtse Opera-orkes en een van die voorste komponiste van die 20ste eeu, het in 1909 as volwaardige konservatoriumstudent onder Adolf Rebner, die onderwyser van Frank Struben, begin studeer.[116]

## Helmuth Rolfes van Kimberley (1908-1910)

Helmuth Rolfes was van Kimberley en het vanaf September in die akademiese jaar 1908/1909 tjello onder Hermann Keiper studeer.[117] Rolfes was dus ’n tydgenoot van Frank Struben. Die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt beskik oor ’n “Einwohnermeldekartei” (aanmeldvorm vir inwoners) waarin meer oor Rolfes gelees kan word[118] **(Figuur 4).**

Hy is op 16 Januarie 1891 in Kimberley gebore en was dus 17 jaar oud toe hy aan die Konservatorium begin studeer het. Hy was nie Suid-Afrikaans nie, maar wel Pruisies en sy “Religion” was Evangelies. Hy was later ’n “Kfm.”, dit wil sê ’n koopman, en sy vrou was Paula Zink, gebore naby Nürnberg. Hulle het twee kinders gehad: Harald en Klaus. Hierdie inligting bring weer eens die probleem van die definisie van “Suid-Afrikaanse student” na vore. Kan Helmuth Rolfes as ’n Suid-Afrikaner beskou word? Hy is in Kimberley gebore, maar het blykbaar die grootste deel van sy lewe in Duitsland deurgebring. Daarby is sy “Staatsangehörigkeit” (burgerskap) as “Preussen” (Pruise) aangedui. Die opskrif “Heimat” in die *Jahresberichte* beteken oënskynlik slegs “geboorteplek”. Hierdie aanduiding is, soos voorheen genoem, die enigste wat as riglyn vir Suid-Afrikaanse verbintenisse gebruik kan word.

In die lêer *Sammlungen Personen* S2/13.728[119] kan meer oor Rolfes se tjello-onderwyser Hermann Keiper gelees word. Hy is op 2 April 1885 in Frankfurt gebore en was dus slegs 23 jaar oud toe hy Helmuth Rolfes begin onderrig het. Sy leermeesters was Johannes Hegar en Hugo Becker wat altwee aan die *Hoch’sches Conservatorium* verbonde was. Dit is duidelik dat Keiper baie talentvol moes gewees het.

---


[115] *Dr. Hoch’s Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Einunddreißigster Jahresbericht* (1909), p. 38; H. Hanau, *Dr. Hoch’s Conservatorium* (1903), p. 460.

[116] *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1909 (1909), p. 36.

[117] *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1909 (1909), p. 37.

[118] Die dokument kan onder “Nullkartei” in die *Institut für Stadtgeschichte* in Frankfurt gevind word.

[119] In die *Institut für Stadtgeschichte*, Frankfurt.




**Figuur 4: Helmuth Rolfes se "Einwohnermeldekartei"**

(Met verlof van die argief van die *Institut für Stadtgeschichte*, Frankfurt am Main)

Op 11 Desember 1908 kon Rolfes sy onderwyser Hermann Keiper hoor in ’n uitvoering van Beethoven se Trio vir klavier, viool en tjello op. 1 nr. 2, die Andante uit die Concerto vir tjello van Svendsen (sekerlik begelei op die klavier) en die Strykkwartet op. 96 van Dvoøák. Op 2 April speel Hermann Keiper in die Kwintet vir klavier en strykers van N.H. Rice. Ludwig Keiper, wat ook in die vorige uitvoering saamgespeel het, was ’n viooldosent aan die Konservatorium. Hermann Keiper speel ook solostukke van Rice.[120] Vanaf die akademiese jaar 1908/1909 begin die Konservatorium om studente-eksamens (“Prüfungsabende”) per dosent of per instrument aan te bied. In hierdie programme is dit dan duidelik by wie die student studeer. Die redes vir die openbare eksamens word so verduidelik:

> *Soos in die vorige jaar is daar ook in die afgelope akademiese jaar twaalf openbare eksamen-aande gehou. Die doel was om, deur die groepering van voordragte deur gevorderde studente volgens spesifieke instrumente, ’n oorsig oor die prestasie binne die besondere kategorieë te bied. Hierdie aandkonserte, waarvoor die toegang gratis was, het ’n getalryke gehoor bymekaargebring, wat die prestasie van uitvoerders met lewendige applous begroet het.*[121]

In die konsert van 12 Mei 1909 waarin drie tjellodosente se studente optree, is mnr. Rolfes nie onder die drie Keiper-leerlinge nie.[122] Uit die vioolklas van Adolf Rebner (by wie Frank Struben studeer het) is daar twee items op 10 Mei 1909 gelewer deur die 13-jarige Paul Hindemith, die latere bekende komponis.[123] Rolfes het slegs die eerste semester van die volgende akademiese jaar (1909/1910) voltooi.[124] Hy het voortgegaan by sy onderwyser Hermann Keiper en was dus altesaam drie semesters by die Konservatorium. Dit is moontlik dat die here Rolfes en Struben die opsienbarende *Internationale Luftschiffahrt-Ausstellung* (Internasionale lugskip-uitstalling) in Frankfurt bygewoon het. Dit is op 10 Julie 1909 geopen en ’n groot aantal lugballonne het hieraan deelgeneem. Daar was onder meer ’n toespraak deur graaf Zeppelin.[125]

---

120 *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1909 (Frankfurt, 1909), p. 60.

121 *Dr. Hoch’s Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Zweiunddreißigster Jahresbericht* (Frankfurt, 1910), pp. 21-22. “Wie im Vorjahre wurden auch im abgelaufenen Schuljahre 12 öffentliche Prüfungsabende abgehalten, deren Zweck es war, durch die Gruppierung der Vorträge der vorgeschritteren Schüler nach einzelnen Fächern einen Überblick über die Gesamtleistungen innerhalb der besonderen Kategorien zu gewähren. Diese Abende, zu denen der Zutritt unentgeltlich gestattet war, versammelten eine sehr zahlreiche Zuhörerschaft, die den Leistungen lebhaften Beifall spendete.”

122 *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1909 (1909), p. 53.

123 *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1909 (1909), pp. 52, 36.

124 *Dr. Hoch’s Conservatorium* 1910 (1910), p. 42.

125 W. Kramer (red.), *Frankfurt Chronik*, derde, uitgebreide uitgawe (Frankfurt, 1987), pp. 383-386.

Dit was gebruiklik vir die *Hoch'sches Conservatorium* om die verjaardae en sterfdatums van beroemde musici te gedenk. Dit het gewoonlik met 'n konsertuitvoering en 'n toespraak gepaard gegaan. As gevolg van die Konservatorium se noue verbintenis met Clara Schumann en dus met Robert Schumann, is spesiale geleenthede gereël ter herdenking van Schumann se 100ste geboortedag. Op 17 Maart en 30 April 1910 is uitvoerings van uitsluitlik Schumann-werke aangebied.[126] Die rede gelewer op 30 April deur dr. Moritz Bauer (dosent vir ondere andere musiekgeskiedenis) is volledig afgedruk in die jaarboek van 1910.[127]

**Die *Hoch'sches Conservatorium* tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)**

Geen Suid-Afrikaansgebore studente het in die akademiese jare 1910/1911 tot 1913/1914 aan die *Hoch'sches Conservatorium* ingeskryf nie.

Teen die jaar 1914 het die jaarboek van die Konservatorium reeds so uitgebrei dat daar aan die begin van die uitgawe 'n aantal artikels ingesluit is: "Zur Bach-Interpretation" deur Moritz Bauer, "Gustav Mahler und Felix Mottl: Ein Rückblick" deur Adolf Stübing en "Das musikalische Gehör" deur die komponis Bernard Sekles.[128] Die jaarboek beslaan nou 99 bladsye en verduidelik uitvoerig wat van studente verwag word. Onder meer word berig dat die "Reifeprüfung" (konserteksamen) vir klavier en vir viool ingestel is en wat die vereistes daarvoor is.[129]

Ten spyte van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 28 Julie 1914 het die *Jahresberichte* ongestoord voortgegaan. Die jaarboek van 1915 begin met 'n artikel oor "Krieg und Kunst" (Oorlog en kuns) deur prof. dr. Moritz Bauer, die dosent vir musiekgeskiedenis,[130] en daar word gemeld dat 'n aantal van die dosente opgeroep is om in die leër te dien.[131] Onder hulle was Hermann Keiper, die onderwyser van Helmuth Rolfes,[132] en Adolf Rebner, die onderwyser van Frank Struben.[133] Ook word vermeld dat verskeie aandkonserte ten bate van gewondes aangebied is en dat studente in konserte in die "Lazaretten" (militêre hospitale) opgetree het.[134]

---

126 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1910 (1910), pp. 61, 62.
127 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1910 (1910), pp. 6-13.
128 *Dr. Hoch's Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Sechsunddreißigster Jahresbericht* (1914), pp. 3-17.
129 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1914 (1914), pp. 3-4.
130 *Dr. Hoch's Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Siebenunddreißigster Jahresbericht* (1915), pp. 3-6.
131 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1915 (1915), p. 15.
132 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1915 (1915), p. 16.
133 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1915 (1915), p. 4.
134 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1915 (1915), p. 33.

Die getal buitelandse studente het dramaties gedaal van 35 in die lys van 1914 tot 17 in die lys van 1915: "Amerika" (1914: een; 1915: een), Denemarke (twee, een), Frankryk (een, geen), Groot-Brittanje (14, geen), Holland (twee, een), Italië (een, geen), Oostenryk-Hongarye (tien, ses), Portugal (een, een), Roemenië (een, geen), Rusland (ses, drie), Swede (een, geen), Switserland (15, twee). Daar het wel 'n student elk van Argentinië (Mercedes Siegel) en Sumatra (Caecilie Zorn) bygekom.[135] In 1916 was slegs 16 buitelandse studente oor; in 1917 was daar tien, en in 1918 was daar slegs agt.[136] Onder die buitelandse studente was daar nie een van Suid-Afrika nie.

**Gevolgtrekkings**

Vir hierdie artikel is die omstandighede in 'n tipiese Duitse musiekkonservatorium nagegaan met die doel om vas te stel hoe die tradisies en atmosfeer sou kon bydra tot 'n breë kulturele opvoeding van die studente, waaronder Suid-Afrikaansgebore studente. Die konsepte "konteks" en "plek" was die uitgangspunte.

Die "plek" Frankfurt am Main en die "plek" *Dr. Hoch'sches Conservatorium* was in 'n uitstekende posisie om die rol van kulturele opvoeder te vervul. Die dosente was buitengewoon begaafde persone wat oor baie ondervinding (sommige reeds op 'n jong leeftyd) beskik het. Die mees vooraanstaande onderwyser was die beroemde pianis Clara Schumann. Studente het van oor die hele wêreld gekom om aan die Konservatorium te studeer, en het so die geleentheid geskep om van mekaar te leer. Die verering van beroemde kunstenaars deur spesiale konserte en lesings sou beslis 'n bewustheid van die belangrikheid en navolgenswaardigheid van hierdie musici by studente gekweek het. Dit is duidelik dat Frankfurt en die kulturele konteks aan die *Hoch'sches Conservatorium* 'n baie groot invloed op hierdie studente met Suid-Afrikaanse verbintenisse sou kon gehad het. In Suid-Afrika sou hulle hoegenaamd nie aan so 'n hoë graad van kulturele stimulasie blootgestel kon word nie. Die *Dr. Hoch'sches Conservatorium* is 'n tipiese voorbeeld van 'n kulturele ruimte waar Suid-Afrikaanse studente hierdie ervarings kon hê.

Die redes vir die relatief klein getal Suid-Afrikaansgebore studente is moontlik tweërlei: Eerstens het ander musiekskole 'n houvas op Suid-Afrikaanse studente gehad, veral weens die moontlikheid om in Engeland in Engels te studeer. By die Stern-

---

135 *Dr. Hoch's Conservatorium* 1914 (1914), p. 60; *Dr. Hoch's Conservatorium* 1915 (1915), p. 51.

136 *Dr. Hoch's Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Achtunddreißigster Jahresbericht* (1916), p. 62; *Dr. Hoch's Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Neununddreißigster Jahresbericht* (1917), p. 32; *Dr. Hoch's Conservatorium für alle Zweige der Tonkunst zu Frankfurt a. Main: Vierzigster Jahresbericht* (1918), p. 28.

Konservatorium in Berlyn kon studente sommige vakke in Engels volg. William Kritch is byvoorbeeld in die jaarboek van die Stern-Konservatorium in Berlyn voorgestel as ’n dosent wat viool en teorie “in englischer Sprache” (in die Engelse taal) aanbied.[137] Duitssprekende Suid-Afrikaners het voorkeur gegee aan die ouer musiekskole in Leipzig (1843), die stad van Bach, Mendelssohn en Schumann, en die groot stad Berlyn (1850). Verder klink dit alte veel asof die *Hoch’sches Conservatorium* meer ’n konserwatiewe denkrigting ingeslaan het. Deur Clara Schumann was daar sterk bande met haar man, Robert Schumann, en met Mendelssohn en Brahms, verteenwoordigers van ’n meer konserwatiewe uitkyk. Ten spyte hiervan het Liszt, ’n verteenwoordiger van die sogenaamde Nuwe Duitse Skool, ’n paar keer die *Hoch’sches Conservatorium* besoek.

’n Belangrike vraag moet nou nog beantwoord word: Wat was die latere lewensloop van die Suid-Afrikaansgebore persone wat in hierdie artikel genoem is? Indien hierdie vraag beantwoord sou kon word, sou vasgestel kon word hoe hulle deur die kulturele konteks van hulle studieplek beïnvloed is. Van die vyf wat gevind is, word geen inskrywing in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* aangetref nie,[138] en ook nie in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* nie.[139] Maar hierdie persone sou sekerlik baie geleer het tydens hulle studietyd in Frankfurt en sou baie gehad het om aan leerlinge oor te dra, aangesien hulle by vooraanstaande musici les gehad het. Frank Struben het byvoorbeeld by Adolf Rebner, die onderwyser van Hindemith, studeer, en ook by Felix Berber wat voorheen die konsertmeester van die Gewandhaus-orkes in Leipzig was. Hoe klein die statuur van die Suid-Afrikaansgebore studente as uitvoerende kunstenaars ook al was, sou dit die moeite loon om hulle lewens na te speur.

---

137 *Bericht des Stern’schen Konservatoriums der Musik: 58. Schuljahr 1907/1908* (Berlin, 1908), p. 7.

138 J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie*, vier volumes (Kaapstad, 1980, 1982, 1984, 1986).

139 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 5 (Pretoria, 1987).